DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

Vol 233 PRETORIA 29 MAART 29 MARCH 1990 4671

## Administrateurskennisgewing

Administrateurskennisgewing 155 29 Maart 1990

STADSRAAD VAN JOHANNESBURG: AANSTELLING VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA BEWEERDE ONWETTIGE OF ONREËLMATIGE OPTREDE IN VERBAND MET SEKERE SEKURITEITSAANGELEENTHEDE

Die Administrateur maak hierby kragtens artikel 2(1) van die Ordonnansie op Kommissies van Ondersoek, 1960 (Ordonnansie No. 9 van 1960), hierna die Ordonnansie genoem, bekend dat hy —

(a) 'n Kommissie kragtens artikel 2(1) van die Ordonnansie benoem het om ondersoek in te stel na die regsgeldigheid en regverdiging van die beweerde onreëlmatighede in verband met sekere sekuriteitsaangeleenthede in die Sekuriteitsdepartement van die Stadsraad van Johannesburg, soos uiteengesit in onlangse koerantverslae, en om verder ondersoek in te stel na die kwessie of daar enige skending van enige ordonnansie, regulasie of ander wet in verband met die beveiliging van die Raad se inligting in verband met sekuriteitsaangeleenthede voorgekom het;

(b) sy Edele Regter V.G. Hiemstra en mnr. W.J. van den Berg kragtens artikel 3(1) van die Ordonnansie as lede van die Kommissie benoem het;

(c) sy Edele Regter V.G. Hiemstra kragtens artikel 3(2) van die Ordonnansie as Voorsitter van die Kommissie aangewys het;

(d) advokaat D.M. Fine, SA en advokaat W.L. Wapener kragtens artikel 3(4) van die Ordonnansie aangestel het om getuies te lei en getuienis aan die kommissie te bied; en

(e) mnr. F. Malherbe, assistent-stadsekretaris van die Stadsraad van Roodepoort kragtens artikel 3(4) van die Ordonnansie as Sekretaris vir die Kommissie aangestel het.

GO. 10/3/5/17/12

## Administrator's Notice

Administrator's Notice 155 29 March 1990

CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG: APPOINTMENT OF COMMISSION OF INQUIRY INTO ALLEDGED ILLEGAL OR IRREGULAR CONDUCT IN REGARD TO CERTAIN SECURITY MATTERS

The Administrator hereby in terms of section 2(1) of the Commissions of Inquiry Ordinance, 1960 (Ordinance 9 of 1960), hereafter referred to as the Ordinance, makes known that he —

(a) has in terms of section 2(1) of the Ordinance, appointed a commission to inquire into the validity and justification of alledged irregularities in connection with certain security matters in the Security Department of the City Council of Johannesburg, as exposed in recent press reports, and to further investigate the question whether any violation of any ordinance, regulation or other act in regard to the safeguarding of the Council's information in connection with security matters have occurred;

(b) has in terms of section 3(1) of the Ordinance appointed the Honourable Judge V.G. Hiemstra and Mr W.J. van den Berg as members of the Commission.

(c) has in terms of section 3(2) of the Ordinance designated the Honourable Judge V.G. Hiemstra as Chairman of the Commission.

(d) has in terms of section 3(4) of the Ordinance appointed advocate D.M. Fine, SC and advocate W.L. Wapener to lead witnesses and submit evidence to the Commission; and

(e) has in terms of section 3(4) of the Ordinance appointed Mr F. Malherbe, assistant city secretary of the City Council of Roodepoort as Secretary of the Commission.

GO. 10/3/5/17/12

# INHOUD

**Administrateurskennisgewing**

155. Stadsraad van Johannesburg: Aanstelling van Kommissie van Ondersoek na Beweerde Onwettige of Onreëlmatige Optrede in Verband met Sekere Sekuriteitsaangeleenthede ........ 1327

# CONTENTS

**Administrator's Notice**

155. City Council of Johannesburg: Appointment of Commission of Inquiry into Alledged Illegal or Irregular Conduct in regard to Certain Security Matters ........ 1327